

De Kat (Lente 2004)

### **Engelsman Torr in Afrikaans**

Deur Werner Coombe

*Laurika Rauch se nuwe album, "My ou Tante Koba", is opgedra aan haar man en liedjieskrywer, Christopher Torr. Hy is ook by die pasafgelope Ukkasiefees in Londen bekroon vir sy bydrae tot Afrikaans. Die Kaoroboer se seun vertel meer van sy musiek.*

Christopher hou nie van die kollig nie. Hy antwoord die vrae oor homself vinnig en beskeie. Hy kom van die karoo, was tot onlangs professor in die ekonomie by Unisa en het slegs deelyds liedjies geskryf. Hoewel hy in Graaf Reinet gebore is, en die seun van 'n karooboer is, is sy eerste taal Engels en sy Afrikaans is beperk. Boonop is sy musiekagtergrond slegs tot klavierlesse op skool beperk en spandeer hy ure agter die sleutelbord en kitaar.

Logies wonder 'n mens dan hoe skryf jy die grootste Afrikaanse treffers in ons geskiedenis? Hy lag en sê dat eenvoud en 'n gebrek aan hoë woorde en spoggerige note dalk juis die sukses is. Sy liedjies praat met mense in gewone taal en emosie wat eg en rou beskryf word, is og altyd meer treffend as die wat verberg is agter mooi versierings.

Maar in emosies wil Christopher nie delf nie. Hy raak opgewonde as hy oor sy musiek kan praat en sy oë vetrel van ware passie. Hy vertel van sy eerste liedjie, wat hy sy "chocolate box song" noem. (die rede hiervoor is die eenvoudige dimensie van die liedjie – "what you see is what you get".) Dit was die skryf van Afrikaanse lirieke vir 'n Udö Jurgens-treffer. Christopher het die ritme van die liedjie uitgeskryf en die ritme het presies gepas met die woorde Op/blou/berg/se/strand. Hy het begin om mense rondom hom te vra waaraan hulle dink as hulle die woorde "op blouberg se strand" hoor en al die gapings ingevul met hulle antwoorde. Die resultaat was oorweldigend en die skryf-gogga het gebyt. Christopher het ook die lirieke van "Kyk hoe glinster die maan" op 'n bestaande wysie geskryf, maar het besluit dat die uitdaging daarin lê om 'n hele nuwe liedjie te skep.

Teen die agtergrond van die seeramp in Zeebrugge in België skryf Christopher sy eerste volwaardige liedjie. Die veerboot, *Herald of free Enterprise*, het op 6 Maart 1987 slegs 'n paar meter van die kus af gesink nadat die personeel vergeet het om die boegdeure van die veerboot te sluit. Die boot het skaars 100 meter van die hawe af gesink en die lewens van 193 mense geëis. Die resultaat was "Miekie" wat hy in 1988 voltooi het. "Miekie, more reis ek oor die see... die veerboot vaar so kwart voor twee". Dié liedjie is 'n gesprek tussen 'n man en sy geliefde, Miekie van die Kaap. Hy vertel haar van sy voornemende reis, maar die dramatiese effek van 'n voorbode word gelaat met die woorde: En ek het gedroom van 'n lee kajuit...

In dié tyd skryf hy ook sy grootste treffer "Stuur groete aan Mannetjies Roux". Dit kan beskou word as 'n metafoor vir die politieke situasie waarin die Afrikaner homself op daardie stadium bevind het. Die verhaal van die meisie wat bid vir reën en haar oom se uiteindelijke dood (sommige interpreteer dit as selfmoord) ná die droogte, ruk die Afrikaners se harte. Die simbool van Afrikanerskap word amper ironies genoem as sy laaste brief net een wens het: Stuur groete aan Mannetjies Roux... Hoewel die aanvanklike reaksie uiteenlopend en onseker was, groei die liedjie op die publiek en neem die verkope skerp toe oor die volgende aantal jare. Dit het vir Christopher 'n sterk platform gegee om 'n opvolg hierop te skryf.

Christopher begin in 1991 werk aan "Die gang" – 'n jaar nadat Nelson Mandela vrygelaat word. In dié tyd tussen Februarie 1990 en die eerste vrye verkiesing in April 1994 word Suid-Afrika gekenmerk deur vrees en onsekerheid. Teen hierdie agtergrond skryf Christopher die opvolg vir Mannetjies Roux. Hy gebruik 'n persoonlike vrees vir elektrisiteit as simbool van die vrees wat Suid-Afrikaners op daardie stadium vir verandering gehad het. "Die gang" vertel die verhaal van 'n middeljarige vrou wat pas geskei is. Sy gaan kuier by haar oom en tannie op die plaas om weg te breek van die seer en onsekerheid. Die elektrisiteit wat die plaas nie het nie, die elektrisiteit tussen geliefdes wat kan verdwyn, die politieke elektrisiteit in oorloë en ook uiteindelik die wrywing tussen mens en God word aangeraak.

Deur subtiele verwysings word dit duidelik dat die vrou in "Die gang" 'n ouer en meer gebroke weergawe is van die dogtertjie in Mannetjies Roux. Uiteindelik gaan dit dan oor menslike wantroue en politieke verraad – "soos die aarde draai sal 'n haan weer kraai..." As basis-emosie gebruik Christopher die onsekerheid en die kwesbaarheid van die mens en spesifiek Suid-Afrika op daardie oomblik – "...maar die vlam is delikaat en fyn, en dit kan soos 'n dief in die donker nag verdwyn". Uiteindelik seëvier hoop, want verandering, hoe traumaties ook al, is noodsaaklik vir groei en vooruitgang.

"Die gang" het bykans onmiddellik 'n treffer geword, en Laurika Rauch gevestig as die gewildste Afrikaanse sangeres.

Christopher skryf ook "Stille waters" vir die album *Die gang*. Eenvoud en tydloosheid is miskien die beste opsomming van "Stille waters".

"Toe ek die lied skryf, het ek die beeld van 'n rustige oseaan gesien met die maanlig wat daarop reflekteer. Op die oppervlak is alles kalm en vreedsaam, maar onder die oppervlak is daar strome wat deur haat en hartseer geskep is, maar sy moet kalm en vriendelik bly. Stille waters is die respek wat 'n mens moet toon as dinge skeef loop. Die vriendelike glimlag as jou hart huil en die sagte omdraai as jy eintlik wil veg."

Christopher het met opset elke cliché van die liefde gekies en die liedjie so eenvoudig as moontlik gehou "Jy't gesê ons liefde sal bly staan, al tuimel al die berge in die oseaan, doen vir my 'n gunsie voor jy gaan, gooi vir my 'n klip in die oseaan...". Die eenvoudige rympatroon beklemtoon die boodskap. 'n Mooi ou liedjie word 'n front (die stille waters) vir die hartseer, woede en gebrokenheid van die verteller. Die tegniek werk en Christopher wen die respek van die Afrikaanse musiekwêreld. Dit is reeds duidelik dat sy eerste treffers nie bloot 'n gelukskoot was nie.

Christopher gaan van krag tot krag en in 1995 verskyn vier uitmuntende Engelse liedjies: "The flying Dutchman", "1963", "The falcon" en die gewilde "Hot gates". "Hot gates" het byna onmiddellik 'n treffer geword, en verskeie kenners beskou dié lied as Christopher se grootste werk tot vandag toe.

Christopher het meer as 'n jaar lank aan "Hot gates" gewerk. En dit is eers wanneer jy begin delf in die haarfyn beplanning wat agter die lirieke skuil, dat jy besef waarom die lied so meesterstuk is. In 1995 publiseer prof. Bertie (SJ) Neethling van die Universiteit van die Wes-Kaap 'n artikel in die tydskrif *Nomina Africana*. Daarin verwys hy na die verband tussen die plekname in "Hot gates" en ontleed die konnotasie daarvan.

"Hot gates" bestaan feitlik uitsluitlik uit plekname – 58 in totaal. Elke pleknaam verteenwoordig 'n brandpunt in die mens se geskiedenis waar gebeure hulle voltrek het. Die plekke het 'n sterk konnotasie met die enorme pyn en emosie wat hiermee saamgegaan het, en het die mens se denkwyse onherroeplik verander.

Die CD-omslag gee die eerste leidraad en aanvanklike beginpunt van die liedjie. 'n Uittreksel uit T.S. Elliot se gedig "Gerontion". Dié gedig verwys spesifiek na die "hot gates" wat vertaal word as Thermopylae – ook die laaste pleknaam in die

lied. In die gedig verwys Elliot spesifiek na die slag by Thermopylae, Griekeland in 480VC.

Deur die hele lied word die verband dan getrek na al die ander plekke waar soortgelyke konnotasies gemaak kan word. Die posisie van elke pleknaam is van groot belang, aangesien dit die enigste manier is om klem op die boodskap te kon plaas. 'n Voorbeeld hiervan is die frase "Waco Waco Bethlehem". Die konnotasie aan Waco, Texas, is die massamoord van vele kinders en hulle ouers deur die selfaangewysde messias van 'n sekte, David Koresh. Deur die slim herhaling van die woord Waco, klink die uitspraak hiervan as "Waco, wake, o Bethlehem". Dit sinspeel op die geboorteplek van Jesus Christus, die ware Messias van die Christelike geloof. Nog 'n voorbeeld is die omstrede Lockerbie-lugramp waarin 270 mense dood is. Pan AM 103 was onderweg van Frankfurt na New York, toe dit in 'n terroriste aanval neergestort het in die Skotse dorpie Lockerbie. Daarom die volgorde: "Frankfurt, New York, Lockerbie..."

Ná "Hot gates" is daar 'n lang periode van stilte en dit is eers in 1999 wat Christopher se treffer "Die mense op die bus" die publiek opnuut aangryp. Die temalied van *Iemand om lief te hê* word gou 'n treffer en Laurika moet taamlik vinnig maak om die album uit te reik.

In 2002 verskyn twee nuwe liedjies uit Christopher se pen – albei met dieselfde naam. "Jy moet die koor altyd met groot versigtigheid skryf. In enige lied is die koor universeel. Man ontmoet meisie. Koor. Man verloor meisie. Dieselfde koor, maar die keer met 'n ander betekenis."

En dit is dan presies wat Christopher doen met die liedjies "Kom laat ons sing" (1) en (2). Die eerste liedjie is 'n vrolike "Kaapse Klopse"-liedjie wat almal roep om te sing oor die liefde (die tydelike ding). In die tweede liedjie word presies dieselfde refrein gebruik, maar met 'n somberheid van 'n predikant wat by 'n begrafnis die gemeente vra om te sing oor die liefde (die tydelike ding). Hiermee beklemtoon Christopher hoe dieselfde woorde verskillende betekenis kan hê.

Met Laurika se nuwe album, *My ou tante Koba* druk hy weer stewig sy stempel af met drie nuwe liedjies: "Die diep blou see", "Over the hills and far away" en natuurlik die titelsnit.

Die tekens toon reeds dat "My ou tante Koba", soos haar voorgangers, 'n onbekende in die Suid-Afrikaanse huis gaan word.

Christopher Torr het vele harte geraak oor 'n periode van 18 jaar. Hy gebruik woorde baie suinig, maar met groot effek – woorde wat spreek van iemand wat die mens se hart net-net verstaan. En miskien beskryf Laurika alle Afrikaners se wens as sy haar ideale album beskryf – een met veertien nuwe liedjies uit Christopher se pen!